Verblyf nodig vir KKKFees

Die wiele is aan die rol vir vanjaar se 10de Mutual & Federal Agri Kierieklapper Kunstefees wat vanaf Donderdag 5 tot Saterdag 7 Augustus op die dorp gehou word.

Inwoners op en om Mokopane wat verblyf gedurende die fees beskikbaar kan stel, word genooi om nou reeds te registreer op die verblyf databasis. 'n Verskeidenheid van verblyf word benodig vir gesinne sowel as individue.

Die KKKFees maak hierdie jaar weer voorsiening vir oud en jonk met verskeie musiek- en drama-aanbiedings. Die nou reeds bekende Mutual & Federal Agri Feesterrein gaan ook hierdie jaar spog met 'n groter verskeidenheid stalletjies, 'n opwindende buiteligverhoog-program en feeskos soos min.

Inwoners wat sou belangstel om van die KKKFees kunstenaars se verblyf te borg, kan mev. Mariana van Tonder by die Feeskantoor by onderstaande nommer kontak.

Om as amptelike feesverblyf te registreer, kan die Feeskantoor by (015) 491-3129 (weeksdae 08:00-12:00) gekontak word of 'n e-pos met die volgende inligting: naam, adres, kontakbesonderhede en koste, kan aan dienssentrum@lantic.net gestuur word.